Hoe om opinies te beoordeel

Graad 8 tot Volwassene

Elke persoon is geregtig op sy eie opinie. Verkenners moet geleentheid kry om opinies te vorm en om ander mense se opinies te evalueer en te besluit of hulle saam stem of nie.
Onderwerp: Opinies

Waarskuwings

Sekere kinders hou nie van redeneer nie en probeer dit vermy.

Sekere kinders hou nie van mekaar nie en evalueer nie die opinie nie, maar wel die persoon.

Benodigdhede

Opinieskaarte

1 dobbelsteen

5-10 pakkies vuurhoutjies of ander tellers gelykstaande aan 100 stemme elk

1 minuut tydloper

Kaartjies (in Bylaag) – Op twee kleure uitgedruk en gesny, gemerk Opinie en Media

Wenke

Moenie toelaat dat hulle elke keer dieselfde kind kies om teen te redeneer nie. Die offisier kan ook kies om seker te maak dat die kinders wat teen mekaar redeneer, gebalanseerd is.

Stappe

Die wenner van die speletjie is die speler wat die president word deur eerste 2000-3000 stemme te werf. (Vir min spelers 2000 stemme en vir baie spelers 3000 stemme.) Wanneer stemme verkry of verloor word, word vuurhoutjies aan die spreker oorhandig. Indien die spreker stemme verloor, word dit teruggeplaas in die "bank". ’n Speler kan nie meer stemme verloor as wat hy het nie en word nie uit die speletjie uitgeskuif nie.

Elke speler gooi die dobbelsteen om te bepaal wie begin. Die speler wat die hoogste gegooi het, begin. Die speler kloksgewys van hom is volgende, ens. Wanneer die speler begin, gooi hy die dobbelsteen:

Een: Gooi die dobbelsteen en verloor aantal stemme soos op dobbelsteen
Twee: Gooi die dobbelsteen en wen die aantal stemme soos op die dobbelsteen
Drie: Tel opiniekaartjie op
Vier: Tel ’n mediakaartjie op
Vyf: Gooi weer
Ses: Tel ’n opiniekaartjie op

As jy ’n opiniekaartjie optel:
Jy is nou die kandidaat vir die presidensie. Lees die opinie op die kaartjie hardop vir almal. Kies ’n ander speler om die opposisie te wees. Al die ander spelers word nou die stemmers. Die kandidaat moet nou argumente vir die opinie bespreek vir ’n maksimum van een minuut. Daarna stel die opposisie argumente teen die opinie ook vir ’n maksimum van 1 minuut. Enige een van die kandidaat of die opposisie mag weier om die opinie te steun of teen te staan indien hulle moreel of eties nie daaraan wil deelneem nie, waarmee hulle dan die argument verloor en die ander een die volle aantal stemme verkry.

Die stemmers kies die beste spreker: Die stemmers stem na kort bespreking of indien daar nie eenstemmigheid is nie, kan gestem word deur die opsteek van hande. Die spreker met die meeste stemme, wen. Enige stemmer kan sy stem weerhou. Die kandidaat of die opposisie kan ook hulle argument onttrek indien die ander spreker definitief ’n beter argument gehad het. Indien al die stemmers hulle stem weerhou, wen die kandidaat. Die wenner gooi die dobbelsteen en verkry 100 stemme maal die getal op die dobbelsteen, bv. indien hy 2 gegooi het kry hy 200 stemme. As die kandidaat gewen het, kan hy weer gooi en verder speel. Indien die opposisie gewen het, is dit die speler kloksgewys van die kandidaat se beurt.

Bronne

Idee vanaf: *Verimark Opinions*